Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Sondag 33
Wet Inleidend 2
Dr AH Bogaards

Lees: Rom.6

Teks: Rom.6:6,11

H.K.: Sondag 33

Psalms: 86:1; 86:6; 119:7

1. Inleiding.

Ons kom vandag by die geheim van ons bekering: Ons Heidelbergse Kategismus wortel ons dankbaarheid, ons bekering, stewig in die afdeling oor ons verlossing in Christus, afdeling 2.

Immers, dit is nie eers in die afdeling oor ons dankbaarheid dat ons belydenis dit het oor die afsterf van ons ondankbare ou mens en die opstanding van ons dankbare nuwe mens nie, maar alreeds in die deel oor ons verlossing. Want hoor maar:

1. In vraag en antwoord 43 ***(in Sondag 16***, ***in die afdeling oor die verlossing***) word die verband gelê tussen Christus se sterwe en die **afsterwe van ons ou mens**. Want hoor maar wat daar staan:

Deur die krag van Christus (= deur die die krag van sy kruis) word ons **ou mens** saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik (=as gevolg van die kruis) kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

2. En in vraag en antwoord 45 (***in Sondag 17***, ***eweneens in die afdeling oor die verlossing***) word die verband gelê tussen Christus se opstanding en die **opstanding van ons nuwe mens**:

Deur die krag van Christus (= deur die krag van sy opstanding) word ons tot **'n nuwe lewe** opgewek.

Ons bekering, die afsterf van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, het dus alles met die kruis en opstanding van Christus te make.

En hierdie waarheid kry ons Kategismus vanselfsprekend in die Bybel en met name in die Romeine-brief. En u weet dat ons belydenis sy driedeling sonde-verlossing-dankbaarheid onder andere aan Romeine ontleen het. En nou is dit so belangrik om te sien dat wanneer Romeine oor die afsterf van ou mens en opstaan van die nuwe mens praat, dit juis staan in die deel oor die verlossing.

1. die afsterwing van ons ou mens; en

2. die opstanding van ons nuwe mens.

2.1. Bekering as die afsterwing van ons ou mens.

Wanneer ons hoor van die ***ou mens***, moet ons dadelik dink aan die mens nie soos hy in die begin geskape is nie, maar die mens soos hy geword het deur die sondeval. Die ou mens - dit is die mens wat slaaf van die sonde en die duiwel geword het. Dit is die mens wat staan onder die heerskappy van die duiwel en wat sy wil doen. Dit is die mens wat in opstand teen God en sy Woord leef. En ... DIT is ***ook ons ou mens***. Want toe Adam geval het, het ons saam met hom geval.

Hierdie ou mens moet dood, sê ons Heidelberger. Dit is die een deel van die ware bekering. Ons moet ons nie meer laat beheers deur die duiwel nie.

Maar nou is dit baie opvallend: wanneer Paulus dit in Romeine 6 het oor die afsterwe van die ou mens, dan verwys hy ons nie na onsself en dan sê hy nie: nou moet jy, o mens, dit of dat doen en deur hierdie en daardie goeie werk van jou en deur jou weerstand teen die sonde die ou mens 'n nekslag toedien nie. Hy werp ons nie op onsself terug, maar hy neem ons aan die hand en hy lei ons na Christus toe!

Want hoor maar wat sê Paulus: ons ou mens het die laaste asem uitgeblaas. Ons ou mens gekruisig, gedood en begrawe. Dit het gebeur op Golgota, toe Jesus aan die vloekhout gehang het. Want ons moet begryp: toe Jesus daar gehang het, het Hy daar nie gehang vir Homself nie, maar vir ons. En Hy het daar gehang, nie net om ons skuld te betaal nie, maar ook om die slaweheerskappy van die sonde oor ons te beëindig. Ons ou mens, die

mens onder die koningskap van die Satan, - hy is gekruisig en gedood in die kruisiging en sterwe van ons Heiland. Dit was die einde van die ou mens wat niks liewer gedoen het as om na die stem van die Satan te luister nie. Daarom verklaar Kohlbrugge: op Golgota het ek my bekeer Ons ou mens is saam gekruisig, sê Paulus, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde as koning sou dien nie.

As ons van die ou mens hoor in Skrif en belydenis, het ons ***nie te make met interessante teorieë nie, maar hartseer lewenswerklikhede in ons eie persoonlike lewe***. Ons sit daarmee. Dit is die ou mens in ons wat huwelike en gesinne uitmekaar ruk; dit is die ou mens in ons, wat verantwoordelik is vir ‘n samelewing vol haat, misdaad en geweld; dit is die ou mens in ons wat dwaling, liefdeloosheid, broedertwis in die kerk bring. So lyk ons almal van nature.

En – hierdie ou mens, hierdie sondemag is ***ook vir ons*** heeltemal te sterk vir ons.

Wat staan ons dan te doen? **GLO**! Glo in Christus en deur die geloof hoe langer hoe meer een word met ons Oorwinnaar-Koning en sy oorwinning. Want hoe meer u met Hom in die geloof een word, des te minder seggenskap het die sonde oor u en des te meer word u ingeplant in sy triomf.

Maar nou het ons tog 'n probleem: as Christus dan gesterf het en die ou mens aan die kruis gedood is ... hoe is dit dan dat ons as gelowiges nog sonde doen? Is die ou mens dood of is hy nie? Daarop moet ek antwoord JA en NEE:

- Dit is ***eerstens*** **JA**. Want op Golgota ***ís*** hy verslaan.
- Maar dit is ook **NEE**.

Laat ek verduidelik: aan die kruis is die ou mens inderdaad oorwin en die mag van die sonde gebreek. Maar nou moet Christus ook nog daardie oorwinning ***buite*** ons, daardie triomf van die kruis, ***in*** ons verwerklik deur sy Gees en Woord. En dit gebeur nie eensklaps nie. Dit is 'n groeiproses. Die Kategismus praat van ***hoe langer hoe meer***. Dit gaan ons lewe lank aan en word eers met ons dood voltooi. Eers dan is dit met die ou mens heeltemal gedaan.

In hierdie afsterwingsproses bly Christus steeds die geheim. Hoe meer ek my aan Hom vasklem en my aan Hom oorgee en leef uit sy oorwinning, hoe meer sal die ou mens in my sterwe. Buite Christus om is dus geen oorwinning nie. Ek moet na Christus toe groei, dan sal ek ook groei in die heiligmaking en vorder op die weg van dankbaarheid. Dan sal die bekering realiteit word in my bestaan.

Die Kategismus gaan nou verder deur ***drie dinge van die bekering of afsterwing van die ou mens*** te sê: dit bestaan naamlik uit sonde-droefheid, sonde-haat en sonde-vlug.

1. Dit is ***eerstens*** **SONDE-DROEFHEID**. Die afsterwing van die ou mens is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het.

Ons moet treur oor ons sondes. En dan is die Here ook nie tevrede met krokkedil-trane en 'n oppervlakkige berou nie. Maar dit moet 'n ***hart***-like berou wees. Ons moet ***hart***-seer wees. Dit moet ons hart seer maak dat ons sulke dinge gedoen het.

Verder treur ons nie net oor die sonde, omdat ek nou byvoorbeeld met my haat of my humeurigheid my verhouding met my naaste bederf of deur die drank my liggaam vernietig het nie. Die berou gaan in die vernaamste plek daaroor dat ek ***Gód*** vertoorn het met my sondes en sy Naam oneer aangedoen het. Daarom klaag Dawid dit, na sy moord en owerspel, uit: Teen U, o HERE, teen u alleen het ek gesondig (Ps 51).

2. Die afsterwe van die ou mens is ***tweedens*** **SONDE-HAAT**.

Ook dit het weer alles met ons ***hart*** te make. Ons moet 'n afsku hê in die sonde en dan nie net in ander s'n nie, maar ook in ons eie. Dit moet ons met weersin teen die sonde vervul, dat ons God daarmee bedroef en seergemaak het.

3. Die afsterf van die ou mens is in die ***derde*** plek die **SONDE-VLUG**.

Daarmee bedoel ons Heidelberger die uiterlike breek met die sonde. Ons moet ons onderlinge getwis en kwaadpratery en vloekery en vuil grappe laat staan.

Maar die vlug sluit nog meer in: ons moet ook daardie situasies en vriende en tydskrifte en programme wat ons tot sonde kan verlei - ons moet daarvan wegvlug. As ons God werklik liefhet, sal ons alles probeer vermy wat ons moontlik so ver kan bring om Hom te bedroef.

Maar ons kom by die tweede deel van die ware bekering:

2.2. die opstanding van die nuwe mens.

Die eerste, die afsterwing van die ou mens, is 'n negatiewe proses: dit is 'n afbreek-proses, 'n aftakeling van wat verkeerd is, 'n doodmaak van die ou mens.

Die tweede is voluit positief: dit is 'n najaag van die wil van die Here en 'n vreugde om dit te doen.

Maar wat is die ***nuwe mens***? Wel, ons het gehoor dat die ou mens die mens onder die heerskappy van die sonde en die duiwel is. **Daarteenoor** is die nuwe mens die mens wat staan onder die nuwe heerskappy van Christus en sy Gees. Dit is die mens wat hom buig onder God se koningskap en hom verheug in sy koninklike wil. waar die ou mens 'n rebel is, daar is die nuwe mens 'n gehoorsame burger in die ryk van die Here.

Maar hoe kan ons sulke nuwe mense word? En weereens word ons nie aan onsself oorgelaat nie. Maar ook by hierdie deel van ons bekering, wys Paulus ons op Christus. Want Hy sê in v.11: ons is lewend vir God ***in Christus***. In die gemeenskap met Christus, in verbondenheid met Hom - dit is die geheim van 'n lewe vir God en 'n lewe in Gods diens. Sy heilswerk, sy oorwinning is die sleutel.

Daarom is ook die nuwe mens 'n saak van die **GELOOF**, want hoe meer ons ons oorgee aan Christus en leef uit sy heilswerk, des te meer sal die nuwe mens gestalte in ons lewe kry.

Die nuwe mens in ons is sy werk, nie ons s'n nie. Dit is al duidelik as jy net let op die uitdrukking: die opstanding van die nuwe mens. Want opstanding, opstanding uit die graf, ook uit die graf van die sonde - dit is goddelike werk. Mense kan dit nie doen nie. En hoe doen die Here dit: slegs deur te spreek. Deur die krag van sy evangelie-woord. Deut die krag van die kruis en die opstanding van Christus.

Dit is nie snaaks dat die Heidelbergse Kategismus die bekering nie plaas in die eerste deel, in die deel oor die sonde-kennis, nie, maar juis in die dankbaarheidsdeel. Dit kom dus eers na deel 2, na die verlossing. Dit sê iets. En die les is dit: alleen verloste mense kan dankbaar wees en alleen mense wat ingeplant is in die oorwinning van die Lam, kan

'n nuwe lewe leef. Die triomf van die kruis maak ons voortreflike, onderdanige burgers in die Godsryk.

En ook hier weer, net soos by die afsterwe van ons ou mens is nie net ons uiterlike dade nie, maar ook ons innerlike betrokke. Want die Kategismus praat van ’n ***hart***-like vreugde en 'n lus en 'n liefde. Dit is alles woorde wat met ons hart te make het. Want die Here is nie tevrede net met uiterlike dade nie, maar wil ook ons hart hê. Daarom sê Hy: My seun, my dogter, gee my jou hart.

En wie die Here waarlik van harte lief het - dit sal hom ook openbaar in dade van liefde. Dit kan net nie ander nie. Dan word dit vir ons 'n vreude om God se gebooie te doen en om te wys dat ons Hom en ons naaste liefhet. Dan doen ons graag goeie werke.

En wat hierdie ***GOEIE WERKE van die nuwe mens*** is, sê ons Kategismus in die laaste vraag:

1. Dit is *eerstens* slegs die wat ***uit 'n ware geloof*** is. Die ware geloof, die geloof wat hom vasklamp aan Jesus Christus - dit is die fontein van goeie werke. Sonder geloof is dit ook nie moontlik om God te behaag nie. Dit sien ons ook in die optrede van Kain en Abel: beide het 'n offer gebring, maar die van Kain het God nie aangeneem nie, omdat by Kain die geloof ontbreek het.
2. *Tweedens* is slegs daardie werke of dade goed wat ***in ooreenstemming met God se Wet*** is. Dit is die riglyn en nie ons sogenaamde goeie bedoelings nie. Al bedoel ons dus iets hoe goed, as dit teen die gebooie van die HERE indruis, is dit in die oë van die HERE nie goed nie.
3. In die *derde* plek moet ons goeie werke ***tot eer van God*** wees. Baie mense doen net goed, omdat hulle wil hê dat die mense hulle moet prys. Met sulke werke neem die HERE ook nie genoeë nie.

3. Slot.

Selfs ons beste dankbaarheidswerke is maar half en vol sondes. Daarom moet ons bid dat Christus dit sal bedek met sy volmaakte gehoorsaamheid. En eers so sal ons aan die HERE 'n goeie dankoffer bring. AMEN